



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 16 Julie 2020

Gedagte van die week:

Goed en kwaad groei albei teen saamgestelde rente. Dit is waarom elke klein besluit so oneindig belangrik is. (CS Lewis; 1898-1963)

Vertrekpunt:

Romeine 8:12-17

Meditasie uit die teks:

Kyk, as daar nou een teks in die Bybel is wat ek, en ek vermoed elke ander mens, elke dag ervaar, is dit die teks in Rom 7 wat sê, *“Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek”*. In Rom 8 praat Paulus dan verder oor hierdie geveg tussen goed en kwaad wat in elke mens se lewe afspeel en bevestig dat ons daaraan móét deelneem. Terwyl ons daaraan deelneem moet ons twee dinge onthou, naamlik, wie syne is ek en wie kan my help. Ek is God syne, of ek nou wen of verloor! Ek onthou dat ek as kind nooit voor of tydens ‘n tenniswedstryd gewonder het wat my ouers met my sal doen as ek die wedstryd verloor nie. Ek kon maar net op die wedstryd fokus, my beste doen, en weet my tuiskoms is verseker. Ek neem aan die stryd tussen goed en kwaad deel as kind van God en nie as moontlike kind van God wie se status afhanklik is van die uitslag nie. Oor die uitslag van die stryd mag ek onseker wees, maar oor aan wie ek behoort is ek seker. En deur my lewe heen weet ek dat God sy kinders altyd weer help ... jy roep maar net weer en weer en weer, *“Abba Vader!”* God help sy kinders! Dit is wat vaders doen, dit is wat Onse Vader doen. Dit glo ek, dit wéét ek selfs! Dit glo en weet ek uit ervaring. So weg is die vrees, want ek is nie ‘n slaaf nie, ek is ‘n kind!

Youtubeskakel:

Hier is jou skakel na Sondag 19 Julie 2020 se reisgesprek. Jy is welkom

<https://youtu.be/x8ZmQR-TzPc>

Meditasie uit die lewe:

Van 1990 tot 2004 het ek en my gesin gereeld vanaf Cradock na my skoonma op George, en my ouers op Oudtshoorn, gereis. Ons het gewoonlik op Willowmore by Zaaimans Garage petrol ingegooi in my swaargelaaide Nissan Sentra. Daar was ‘n redelike skoon ruskamer en ook ‘n tipiese Garage-kafee waar ons ‘n koeldrank of twee kon koop. Willowmore is ‘n onaantreklike Klein Karoo dorpie, maar in haar is een van die mooiste stories, wat ek al in my lewe gelees het, gebore. Dit is die storie van Sean Kroon wat in 2010, op twaalfjarige ouderdom, begin droom het om 1000 bome in Willowmore te plant. Op 9 Junie 2020, op Sean se twee en twintigste verjaarsdag, is boom nommer 900 geplant, maar Sean was nie daar om dit te vier nie, want agtienjarige ouderdom is hy as jong student in Bloemfontein doodgeskiet. Vandag gee sy pa sy seun se 900 bome in die droë Willowmore water. Sy pa en ma het 14 jaar lank gebed vir Sean se koms ... hulle het hom 18 jaar lank geniet ... en toe is hy dood. Nou besing 900 bome Sean se lof. Ek wil weer eendag deur Willowmore ry en petrol ingooi by Zaaimans Garage, ‘n koeldrank koop en onder een van Sean se mopsbome op die sypaadjies gaan staan. Ek sal dan seker wonder oor wat ek nalaat as ek vertrek. Ek hoop op daardie dag sal die wind deur die bome waai en dat ek dan sal hoor hoe Niel Diamond sing, *“What a beautiful noise, coming up from the street”* Of miskien sal ek die profeet Jeremia se liedjie hoor, *“and the trees of the fields (streets) wil clap their hands ...”* Miskien vat ek ‘n boom saam en plant dit in Willowmore! (Ek plaas die volledige storie onderaan die nuusbrief ... jy MOET dit lees as jy enigsins ‘n tydjie het. Dit is só mooi!).

Getuienis uit die gemeente:

Een van ons lidmate en sy seuns het gaan jag en behoorlik onder die springbokke ingevaar. Hulle het só baie geskiet dat hulle graag dit met ons wil deel ten bate van die gemeente se finansies. Dit is netjies opgesaag en verpak. Hieronder volg wat beskikbaar is. Jy kan met my skakel om te bestel by 021 869 8006 of 082 877 4433 of by jin1@telkomsa.net. Die beginsel van “first come, first serve” sal geld.

18 boude @ R60/kg

13 blaai @ R60/kg

10 nekke (opgesaag) @ R50/kg
16 Rugstringe(heel) @ R100/kg
9 pakke potvleis(skenkels mooi) @ R50/kg
15 pakke bene vir afkook (sluit rib in opgesaag in stukgies) @ R35/kg

Weeklikse groepmeditasie

Ons doen ons weeklikse groepsmeditasies tydelik via Zoom. Die meditasies vind gewoonlik plaas op Woensdae om 09:00 en 18:30. As jy aan hierdie Zoom-weergawes daarvan wil deelneem moet jy asseblief 'n epos stuur vir Toit Wessels by toit.wessels@hotmail.com voor of op die voorafgaande Maandag. Dui ook net aan of jy die oggend of aand wil bywoon.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers ... ons kan in die een-tot-een situasie regtig die risiko tot die absolute minimum bestuur. Vanaf 1 Junie is ons wel essensiële werkers en mag ons mense te woord staan. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrieff wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jin1@telkomsa.net

Die MOOISTE storie van Willowmore se Sean Kroon en sy 1000 bome

Nie eens 'n pynlike tragedie – 'n moord en 'n onopgeloste saak – kon 'n jong, inspirerende seun van Willowmore se droom vir groen en skadu op sy tuisdorp kelder nie, skryf Mariska Spoormaker. Wanneer die lente aanbreek, sal daar op Willowmore amper 'n duisendvoud wistinkhout-, olyf-, witkaree-, boerboon-, mopkop- en bottelborselbome in bot staan. Elkeen van dié bome is 'n klein deel van die groot droom wat Sean Kroon tien jaar gelede as 12-jarige gehad het om 'n 1 000 bome op sy tuisdorp te plant. Op sy 22ste verjaarsdag op 9 Junie is nog 'n boom geplant en is dié droom op sowat 'n 100 bome na bewaarheid. Die eerste boomplantprojek het in 2010 in Knysnastraat, Willowmore se hoofstraat, begin. Dié bome se wetenskaplike naam is Robinia, maar die inwoners noem dit die mopkoppe. Hierdie mopkoppe, wat skuiling bied teen die moordende Karooson, het nie toevallig in Knysnastraat beland nie. Deeglike navorsing vooraf het dié bome, wat in Engels mop heads genoem word, as die ideale kandidate uitgewys omdat hulle vinnig groei en nie plaveisel lig nie, verduidelik Joanne Kroon, boervrou van Finchley Farm net buite die dorp. "Nou die dag kom 'n ou tannie na my toe en sy sê: 'Jy weet, mevrou, ek stap met my inkopies van die een mopkop na die ander mopkop en ek staan in die skaduwee en die son is warm en ek staan so onder die boompie en ek sê dankie, ek kan darem van boom na boom na boom amper al die pad huis toe loop in die skaduwee.'" Joanne verduidelik dat haar seun, Sean, se droom van 1 000 bome vir Willowmore 'n jarelange aanloop het. "In 1996 het ons na die plaas net buite Willowmore toe getrek. Vir my was dit 'n vaal dorpie. Ek kon sien ander mense het projekte begin, maar dit is nie volgehou nie. My ouma het my altyd geleer: as jy oor iets wil moan, doen iets omtrent die saak of bly liewer stil." Joanne het stilgebly en 'n paar verfraaiingspogings met aalwyne, malvas en ander vetplante by die dorp se hoofingange begin aanpak. Oor naweke, wanneer hy by die huis van sy skoolkoshuis op Graaff-Reinet was, het Sean saam met sy ma gewerk. Mom, we can make a difference and beautify Willowmore.' Hy het ook gesê dat hy teen die jaar 2020 'n 1 000 bome in Willowmore geplant wil hê." Terug uit Europa het die "Groot Vergroeningsplan" begin. Die mopkoppe in Knysnastraat is, nadat die nodige munisipale toestemming daarvoor gekry is, gou daarna geplant. Op daardie tydstip was Willowmore deel van die Baviaans-munisipaliteit onder DA-bestuur. Ewald Loock, die oudburgemeester, het Sean se droom vir 'n boomgroen Willowmore gedeel. Tien jaar later kan Joanne steeds nie uitgepraat raak oor die munisipale ondersteuning en die span van vyf mans, ses van die Openbare Werke Program (EWP) wat met die eerste boomplantprojek gehelp het nie. "Ons sou nooit die projek kon deurvoer sonder daardie manne nie. Dit is een ding om te sê jy gaan 1 000 bome plant, dit is 'n ander ding om die gate te grou, want dit is pik- en koevoetwerk deur harde aarde en klip. Dan moet die gate gevul word met kompos en goeie grond, die bome moet gereeld natgelei word, al sulke dinge." Sean, wat skoolgegaan het op Graaff-Reinet by Union High, het vertel hoe mooi die sportveld daar vir hom is, omring met bome. Met 'n tuisnaweek op Willowmore het hy na die sportgronde in Waza Park gegaan, rond

gekyk, plaas toe gegaan en vir Joanne gesê: “Mom, the perimeters of the sportgrounds must be planted with trees.”

Nóg bome en geld is ingesamel en nagenoeg 60 bome is daar geplant.

In 2012 het Sean en ’n klomp van sy skoolvriende oor ’n langnaweek aan die einde van April 40 bome in ’n park in die Lovemore-woongebied geplant. Die ouer gedeelte van Willowmore het baie bome, onder meer bloekom-en peperbome, maar Sean se mikpunt was om die meerderheid bome te plant in die woonbuurte waar daar min of geen bome was. Hy het self ook boomsade versamel en laat ontkiem vir sy boom-droom van 1 000 bome vir Willowmore. “Hy het dit in swart sakkies laat ontkiem . . . hier ’n boompie gekry, daar ’n boompie gekry en dit eers groter laat groei voordat hy dit gaan uitplant het,” sê sy ma. “Elke naweek het Sean sy vriende saamgebring plaas toe en dan het hulle sy bome in sakkies gesien of sy vetplantversameling. Hy wou net bome plant. Sy visie om van Willowmore ’n boomskaduwee-dorp te maak, was definitief uniek aan hom, hy het ’n liefde daarvoor gehad. “En as een van die geplante bome doodgaan, het hy in sy vakansietye net nuwe bome gaan plant. In Desember 2016, nadat hy matriek voltooi het, wou hy net weer saadjies ontkiem om meer en meer bome te plant.” In dieselfde jaar het die Baviaans-munisipaliteit egter die veel groter Dr. Beyers Naudé geword en moes Willowmore agter groter dorpe soos Graaff-Reinet in die spreekwoordelike ry staan wanneer dit by dienste en geld vir spesiale projekte gekom het. “Dit was dus ’n groot uitdaging vir ons, want die nuutgeplante boompies moet elke week water kry – ons kry nie naastenby genoeg reën nie.” Sean het juis ’n voorliefde vir watertoevoer, erosiebekamping en veldrehabilitasie gehad en hy het baie van sy eksperimente op die familieplaas gebou, getoets en geplant. In 2017 het hy ’n Kowsie-student geword om siviele ingenieurswese te studeer.

Niemand het getwyfel dat sy 1 000 bome voor 2020 op Willowmore geplant sou wees nie – en net só het almal geglo hy sou ’n briljante waterplan vir die bome bedink.

Joanne bly ’n lang ruk stil en sê dan: “Ongelukkig, op 1 April 2017, is my seun, wat op daardie stadium 18 jaar oud was, voor sy studentehuis in Bloemfontein doodgeskiet en van sy skootrekenaar en selfoon beroof. Dit was ’n ongelooflike moeilike tyd vir ons. “Hulle het twee doppies gekry van die skote wat op die toneel afgevuur is, verder niks nie. Daar was nie ander leidrade nie. Die vermoede was dat dit ’n man was wat op sy eie gewerk het. Drie jaar later is dit... I suppose it’s what they call a cold case. Saaknommer 47/04/2017 – murder and house robbery. Dis nou hoe dit is.”

Joanne en Michael doen nie navrae oor enige vordering in die moordondersoek nie.

“As die mens môre gevang word, dan moet jy hof toe gaan en dan moet jy die persoon wat ons geliefde van ons af wegge neem het in die oë kyk. “Ons wil nie daai persoon sien nie. Ons seun is weg en al vang jy die persoon, gaan hy nie jou kind terugbring nie. Hy gaan jou nie laat beter voel nie. “Al sou hulle my ’n vuurwapen gee en sê ek kan die persoon ’n 1 000 keer skiet, gaan dit ons nie beter laat voel nie. “Maar al Sean se vriende het geweet hoe lief hy vir bome is en met sy herdenkingsdiens het mense net bome gebring. “En sy ander oudskoolmaats van Union High het geld ingesamel en ’n groot klomp geld vir ons kom gee vir boomplant op Willowmore.

“Met sy eerste verjaarsdag ná sy dood (9 Junie 2017) het ’n klomp van sy skoolmaats gekom en ons het op daai dag 45 bome op Willowmore geplant – die meeste om Waza Park se sportveld en ’n paar by Lovemore.”

Vir Joanne en Michael is veral dié bome baie besonders omdat Sean se familie, sy vriende en Michael se Elsenburg-vriende al daardie bome geskenk het.

“Vir ons is dit nou soos bome van herinnering. En wanneer sy vriende steeds ná sy dood kom kuier het, het hulle ook weer bome gaan plant om die Waza Parksportveld.

“Uit die nagenoeg 100 bome wat nou daar is, is die meeste deur sy maats geplant.

Met Madiba se 100ste verjaarsdagviering in 2018 het EWP-werkers gehelp om die 100 bome wat die Union High Class of 1977 geskenk het in die nuutgeboude Down-woonbuurt by elke huisie waar die mense ’n boom in hul erf wou hê, te plant.

Van sy vriende het in die jaar nog bome in Waza Park gaan plant.

“Dit is nou in die mense se erwe omdat die natmaak op munisipale grond deesdae so ’n groot uitdaging is.

“Dis regtig moeilik om die bome nat te maak. My dierbare man het sy trekker en tenkwa beskikbaar gestel en ons kry nou water van die rioolplaas. Al die bome word deesdae natgemaak met die rooi trekkertjie en die rooi wa.”

Meer as drie jaar ná die moord op Sean kom sy vriende steeds kuier. Boomplant is al vir hulle so natuurlik soos mond uitspoel ná tandeborsel.

“Sean het regtigwaar ’n besondere vriendekring gehad, dit was die klas van 2016. Hulle was van gr. 1 tot matriek saam op skool, hulle was soos ’n hegte familie. Ek dink hulle was ’n groep stoutgatte wat die skool seker hoofbrekens gegee het, maar buite die skool het hulle baie goeie gedoen.”

Op 1 April 2018, 'n jaar ná Sean se dood, het die vriende weer gekom om bome te plant. Met die herdenking van sy 20ste en 21ste verjaarsdae, het sy vriende en familie ook weer kom bome plant. "Dit is 'n unieke vriendekring wat sy droom laat aanhou lewe," sê Joanne.

Met die onlangse herdenking van Sean se 22ste verjaarsdag kon hulle nie daar wees nie.

Sy ouma, Moedie (90), was egter daar en sy het wéér, soos al die jare sedert die moord op Sean, 'n boom ter herinnering aan haar kleinseun geplant.

Joanne sê hulle kon nog nie by Sean se 1 000 bome uitkom nie. Die kwaai droogte het 'n stokkie in die wiel gestee en daar is van die bome wat doodgegaan het en vervang moes word.

"Maar ek is baie, baie dankbaar dat die meerderheid van die bome nog staan – daar is nie vandalisme nie en die gemoed van Willowmore se mense is wonderlik – hulle waardeer die bome."

Willowmore se boomplantprojek sal aangaan, sê Joanne, al maak die droogte en beskikbare water dit al hoe moeiliker.

"Ons gaan nie ophou nie. 'n Boom is 'n lewendige ding, hy vertel 'n storie, hy bring 'n wonderlike atmosfeer na enige dorp."

Op Willowmore sal elke boom ook die storie vertel van 'n klomp mense wat 'n veldkind se boomdroom tot groot hoogtes laat groei – 'n veldkind wat sy eerste lewenslig ná 14 jaar se gebede aanskou het.

"Ek en Michael was 14 jaar getroud voor ek swanger geraak het met Sean.

"En ek het altyd by die Here gepleit vir 'n kind, al is dit net vir 'n seisoen – en die Here het vir my 'n kind gegee.

"Vir 'n seisoen. Partykeer wil ons hê dit moet langer wees, maar dit was sy seisoen gewees. Ek het altyd geweet dat hy 'n wonderwerkkind en 'n geskenk van die Here af is. In sy lewe van 18 jaar het hy regtigwaar baie gedoen en as ek deur Willowmore ry, dan sien ek hom in alles.

"Soos ek in die strate ry en ek sien al die bome wat hy direk of indirek geplant het, dan bied dit vertroosting dat ons seun so 'n groot verskil gemaak het."

Isaiah 55:12 "You will go out in joy and be led forth in peace; the mountains and hills will burst into song before you, and all the trees of the field will clap their hands".